



eduresourceza.com

Literêre Opstel

Julie 2023

TEMA: **Konflik en spanning tussen Greg, Plank en Xander.**

Xander het 'n baie wantrouige (**distrustful**) en agterdogtige (**suspicious**) persoonlikheid. Dit veroorsaak spanning en konflik in sy verhouding met Greg en Plank toe hulle in Istanboel aankom.

Opdrag:

Skryf 'n opstel van **tussen 250 – 400 woorde** oor die konflik en spanning tussen Xander, Greg en Plank.

- Jou opstel moet 'n **inleiding** en 'n **slotparagraaf** hê. Hierdie paragrawe moet nie te lank wees nie.
- Onthou asb. om jou beplanning dood te trek.
- Gebruik die kolpunte hieronder vir jou paragraafindeling.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- **Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.**

1. Inleiding

2. Die selfooninsident tussen Xander en Greg nadat hy in Istanboel aankom.

- Waarom was daar konflik tussen Xander en Greg **direk** na Greg-hulle se aankoms in Istanboel? (2)
 - Hoe reageer Xander op hierdie insident? (2)
-

3. Die konflik oor Xander se pa wat amper op fisiese geweld uitloop.

- Wat het Greg oor Xander se pa gesê? (1)
 - Hoe probeer Xander sy pa se optrede regverdig en verduidelik? (1)
 - Hoe het Greg geweet dat Xander woedend vir hom was? (1)
 - Wie kalmeer Xander en red die situasie? (1)
-

Blaai om ...

Bladsy 2

4. Die geheim van die gebrande boek.

- Waarom was hierdie gebrande boek so belangrik vir Greg? (1)
 - Hoe verduidelik Greg die feit dat hy stilgebly het oor die boek aan Xander? (1)
 - Hoe reageer Xander later op dit wat Greg gedoen het? (1)
 - Wat vertel Xander vir Greg oor die chemiese middels wat in die boek genoem word? (1)
 - Waarom, dink jy, het Greg nie dadelik vir Xander van die boek vertel nie? (1)
 - Aan wie het die notaboek heel moontlik behoort? (1)
-

5. Xander se konflik met Plank.

- Waarom was Xander ontsteld oor Plank se nuwe vriend, Candon? (1)
 - Hoe beperk Xander Plank se vermoë om Lisa te kontak? (1)
-

6. Die onmoontlike keuse van Xander aan Greg.

- Watter ontstellende nuus het Plank vir Xander en Greg gebring? (1)
 - Voor watter onmoontlike keuse stel Xander later vir Greg? (1)
 - Noem twee redes vir hierdie ultimatum oor Plank aan Greg. (2)
-

7. Slot

Assessering: 5 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen. (5)

(25)

Nasiensriglyne

Insident kort nadat hulle in Istanboel arriveer.

- Xander het vir Greg 'n nuwe selfoon gekoop en verwag dat die transponder in sy hand die foon sal ontsluit. (✓) (2)
- Dit gebeur egter nie en Xander besef dat Greg vir hom gelieg het, hy het nie die transponder in sy hand ingeplant nie. (✓) (2)
- Xander is woedend en sê dat Greg net soos sy pa is en dat hy hom nie kan vertrou nie. (✓)
- Hy stap weg en weier om Greg en Plank verder te help. Xander is baie kwaad vir Greg. (✓) (2)
(enige een)

Die konflik oor Xander se pa wat amper op fisiese geweld uitloop.

- Hy het gesê dat Xander se pa die omkoopgeld van sy pa-hulle aanvaar het. (Hy is nie so onskuldig soos wat Xander hom probeer maak nie.) (✓) (1)
- Xander sê dat sy pa 'n eerlike man was en dat Doktor Pienaar en Chris Owen hom verlei het. (✓) (1)
- Xander het vir Greg gesê hy mag nie so van sy pa praat nie./ Dit het vir Greg gelyk asof iets donker in Xander wakker word./ Sy oë was wyd oopgesper./ Daar het 'n bewing deur sy lyf gegaan. Xander het 'n angsaanval gekry./ Xander is woedend en skree op Greg (✓) (1)
(enige 1)
- Ayla het die konflik ontlont. (✓) (1)

Die geheim van die gebrande boek.

- Iemand het die boek vir Greg gestuur met die nota dat die persoon hoop dat die boek vir Greg sal help om die Baker op te spoor. (✓) (1)
- Hy het gesê dat hy nie gedink het dat die boek belangrik was nie. (✓) (1)
- Xander het vir Greg gesê dat hy nou weet hy dat hy nie vir Greg kan vertrou nie. (✓) (1)
- Dit was van die dodelikste chemiese middels wat daar is. (✓) (1)
- **(operig – moet net sinvol wees)**
bv. Hy het ook nie vir Xander vertrou nie./ Hy wou iets gehad het wat hy dalk later as waardevol kan gebruik. (✓) (1)
- Hulle vermoed dat die boek dalk aan die Baker behoort het. (✓) (1)

Xander se konflik met Plank.

- Omdat Candon baie oor Suid-Afrika uitgevra het. Xander het dadelik gesê dat Plank niks oor hom moet vertel nie. / Plank gee hulle ligging en identiteit weg. / Plank leen Candon se selfoon om Lisa te bel. (enige 1) (✓) (1)
- Hy het Plank se selfoon stukkend getrap. / Hy breek Plank se simkaart. (✓) (1)
(enige 1)

Bladsy 2

Die onmoontlike keuse van Xander aan Greg.

- Hy het gesê dat Candon vir hom vertel het dat daar ouens was wat na drie Suid-Afrikaners en 'n Turkse meisie gesoek het. (✓) (1)
- Greg moes tussen hom en die soektog na die Baker en sy beste vriend kies. (✓) (maak seker feite/fokus is reg) (1)
- Hy het die transponder in sy hand ingeplant. / Hy is 'n las. / Hy stel hulle in gevaar. / Hy praat te maklik (maak te maklik vriende) met vreemdelinge. / Plank is impulsief – hy dink nie voor hy dinge doen nie. / Hy het Plank nie vertrou nie. / Plank het vir Lisa gebel. / Plank praat te maklik te vreemdelinge. (enige 2) (✓) (✓) (20)

Plus: Vyf punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensie van 'n opstel voldoen. (5)

(25)

Inhoud (20)	Die inhoud van die literêre opstel word bepunt volgens feite na die inleiding van die nasienriglyne van die betrokke vraestel.
Taal en struktuur	Struktuur, logiese vloei van aanbieding. Taal, toon en styl gebruik in opstel
5	Samehangende teks geproduseer. Volledige antwoord. Gepaste inleiding en slot. Argumente goed gestruktureer en duidelik ontwikkel. Taal, toon en styl is puik aangewend. Geringe mate van taalfoute.
4	Samehangende teks geproduseer. Volledige antwoord. Gepaste inleiding en slot. Argumente goed gestruktureer en duidelik ontwikkel. Taal, toon en styl is goed aangewend. Geringe mate van taalfoute
3	Duidelike struktuur en logiese vloei van gedagtes. Inleiding of slot is gepas. Taal, toon en styl vloei redelik.
2	Geen inleiding of slot nie. Vloei van die opstel word belemmer deur oormaat taalfoute.
0-1	Geen samehang nie. Swak taalgebruik. Oormatige gebruik van Engels. Dele onverstaanbaar.

Vraaggradering

Letterkundige opstel

6 – 7	Spreek eie mening uit en motiveer. Voeg losstaande dele tot nuwe geheel.	4
5	Vermoë om te ontleed en verbande raak te sien. Skep nuwe teks.	6
4	Vermoë om kennis in nuwe situasies toe te pas.	5
3	Begryp en verstaan leerstof en rangskik op ander manier.	5
2 – 1	Herroep en onthou kennis en inligting.	5

eduresourceza.com